

BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA.  
**OFFICIAL GAZETTE**



UITGAWE OP GESAG

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c Dinsdag, 8 Mei 1962

WINDHOEK

Tuesday, 8th May, 1962.

No. 2400

Die volgende Ontwerpordonnansie, wat gedurende die volgende Sessie van die Wetgewende Vergadering ingedien sal word, word vir algemene inligting gepubliseer.

C. F. MARAIS,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

The following Draft Ordinance, which will be introduced during the next Session of the Legislative Assembly, is published for general information.

C. F. MARAIS,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

**I N H O U D**

**ONTWERPORDONNANSIE:—**

Wysigingsontwerpordonnansie op Padverkeer 1962 .

**C O N T E N T S** Page/Bladsy

**DRAFT ORDINANCE:—**

Road Traffic Amendment Draft Ordinance, 1962 . 603

**ONTWERPORDONNANSIE**

Ter wysiging van die wet op padverkeer.

**DRAFT ORDINANCE**

To amend the law relating to Road Traffic.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie ordonnansie beteken die uitdrukking „die hoofordonnansie” die Padverkeersordonnansie 1961 (Ordonnansie 21 van 1961).

2. (1) Artikel *nege* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van al die woorde na die woord „motorvoertuig” waar dit vir die laaste keer in subartikel (4) voorkom deur die woorde:

- (a) ten opsigte waarvan die sekretaris van ’n wedrenklub gesertifiseer het dat dit uitsluitend vir die doel van wedrenne ontwerp en gebou is; of
- (b) wat nie van ’n ander persoon verkry is nie en wat uitsluitend deur ’n *bona fide* boer op private eien-  
dom in verband met boerderybedrywighede ge-  
bruik word; of
- (c) wat onmiddellik voor die aansoek op die naam van  
applikant in ’n voorgeskrewe gebied geregistreer  
is.”

(2) Hierdie artikel word beskou as reeds in werking  
met ingang 1 Januarie 1962.

3. Artikel *een-en-dertig* van die hoofordonnansie word  
hierby gewysig deur die skraping van al die woorde  
na die woorde „na gelang” waar hulle vir die laaste  
keer in subartikel (1) voorkom en die vervanging  
daarvan deur die woorde „in die geval van ’n geldige  
lisensie wat op die een-en-dertigste dag van Desember  
verstryk het, op of voor die sewende dag van Maart  
eersvolgend en in elke ander geval binne een-en-  
twintig dae na die verstryking van sodanige  
lisensie.”

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for  
the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this ordinance, the expression “the principal  
ordinance” means the Road Traffic Ordinance, 1961  
(Ordinance 21 of 1961).

2. (1) Section *nine* of the principal ordinance is  
hereby amended by the substitution in sub-section (4)  
for all the words after the word “vehicle” where it  
occurs for the last time of the words—

- „(a) which the secretary of a racing club has certified  
to have been designed and constructed solely for  
the purpose of racing; or
- (b) which has not been acquired from another person  
and is used solely by a *bona fide* farmer on private  
property in connection with farming operation; or
- (c) which immediately prior to the application was  
registered in a prescribed territory in the name  
of the applicant.”

(2) This section shall be deemed to have come into  
operation on the first day of January, 1962.

3. Section *thirty-one* of the principal ordinance is  
hereby amended by the deletion in sub-section (1) of  
all the words after the words “as the case may be” where  
they appear for the last time and the substitution therefor  
of the words “in the case of a valid licence which ex-  
pired on the thirty-first day of December, on or before  
the seventh day of March first following and in any other  
case, within twenty-one days from the expiry of such  
licence.”

4. Artikel *twee-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van die woord „Administrasie” deur die woord „Staat”.

5. Artikel *vier-en-vyftig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die byvoeging van die onderstaande subartikel:

„(5) Elkeen wat hom permanent in die Gebied gevestig het en die houër is van ’n lisensie om ’n motorvoertuig in ’n voorgeskrewe gebied te bestuur, of die houër is van ’n geldige internasionale rypermit, of die houër is van ’n lisensie uitgereik in enige land wat die konvensie onderteken het en wat ingevolge hierdie artikel ’n lisensie moet uitneem om ’n motorvoertuig in die Gebied te bestuur, kan, binne ses maande nadat hy hom aldus permanent gevestig het, ’n bestuurderslisensie of bestuurderslisensies aanvra en verkry om ’n motorvoertuig te bestuur van die klas, of motorvoertuie van die klasse, tot die bestuur waarvan sodanige lisensie hom magtig, en sodanige lisensie of lisensies word kosteloos uitgereik by voldoening deur hom aan die bepaling van paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *negen-en-veertig*.”

6. Artikel *twee-en-sestig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) van subartikel (2) deur die onderstaande paragraaf:

„(b) Elke applikant om ’n geskiktheidsertifikaat moet die bedrag wat in deel II van die tweede bylae van hierdie ordonnansie voorgeskryf word, betaal aan die registrateur in wie se gebied die ondersoek uitgevoer word: Met dien verstande dat waar die ondersoeker in die diens van ’n plaaslike bestuur is die bedrag aan sodanige plaaslike bestuur betaal moet word, en waar sodanige ondersoeker nie in die diens van die Staat of ’n plaaslike bestuur is nie, die bedoelde bedrag regstreeks aan sodanige ondersoeker betaal moet word.”

7. Artikel *eenhonderd-en-sewentien* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na subartikel (2) daarvan van die onderstaande nuwe subartikel:

„(2) *bis*. Elke applikant om ’n padwaardigheidsertifikaat moet die bedrag bedoel in subartikel (2) betaal aan die registrateur in wie se gebied die ondersoek uitgevoer word: Met dien verstande dat waar die ondersoeker in die diens van ’n plaaslike bestuur is, die bedrag aan sodanige plaaslike bestuur betaal moet word, en waar sodanige ondersoeker nie in die diens van die Staat of van ’n plaaslike bestuur is nie, die bedoelde bedrag regstreeks aan sodanige ondersoeker betaal moet word.”

8. Artikel *eenhonderd negen-en-twintig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die vervanging van subartikel (1) deur die onderstaande subartikel:

„(1) (a) Elkeen wat ’n bepaling van hierdie ordonnansie of ’n opdrag of voorwaarde of versoek of eis wat daarkragtens gegee of gestel word, by daad of versuim verontagsaam of versuim om enige bedrag te betaal wat kragtens hierdie ordonnansie verskuldig is, of

(b) wat versuim om te voldoen aan ’n opdrag of aanwysing aan hom verstrekk deur ’n lisensie-inspekteur, polisiebeampte of voertuigondersoeker, of wat daaraan voldoen op ’n wyse wat bedoel is om te mislei, of wat sodanige inspekteur, beampte of ondersoeker by die uitoefening van enige bevoegdheid of plig ingevolge hierdie ordonnansie dwarsboom, teëgaan of hinder —

is skuldig aan ’n oortreding: Met dien verstande dat wanneer ook al die toon van ’n bestuurderslisensie of enige dokument, artikel of ding wat so iemand moet hê ten opsigte van ’n motorvoertuig, ingevolge hierdie ordonnansie vereis word, die voorlegging daarvan by ’n polisie-stasie binne ’n tydperk van een-en-twintig dae na die eis beskou word as voldoende nakoming van sodanige

4. Section *fifty-two* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the word “Administration” of the word “State”.

5. Section *fifty-four* of the principal ordinance is hereby amended by the addition of the following sub-section:—

“(5) Any person who has become permanently resident in the Territory, being the holder of a licence to drive a motor vehicle in a prescribed territory, the holder of a valid international driving permit, or the holder of a licence issued in any country which has subscribed to the Convention, required to take out a licence to drive a motor vehicle in the Territory in terms of this section, may, within six months of his becoming so permanently resident, apply for and obtain a driver's licence or drivers' licences to drive a motor vehicle of the class or motor vehicles of the classes which such licence authorised him to drive, which licence or licences shall be issued free of charge, upon his complying with the provisions of paragraph (b) of sub-section (1) of section *forty-nine*.”

6. Section *sixty-two* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of sub-section (2) of the following paragraph:

“(b) Every applicant for a certificate of fitness shall pay the fee prescribed in Part II of the Second Schedule of this ordinance to the registrar in whose area the examination is carried out: Provided that where the examiner is in the employ of a local authority the fee shall be paid to such local authority and where such examiner is not in the employ of the State or a local authority the said fee shall be paid to such examiner direct.”

7. Section *one-hundred and seventeen* of the principal ordinance is hereby amended by the insertion after sub-section (2) thereof of the following new sub-section:

“(2) *bis*. Every applicant for a certificate of roadworthiness shall pay the fee mentioned in sub-section (2) to the registrar in whose area the examination is carried out: Provided that where the examiner is in the employ of a local authority the fee shall be paid to such local authority and where such examiner is not in the employ of the State or a local authority the said fee shall be paid to such examiner direct.”

8. Section *one hundred and twenty-nine* of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

“(1) (a) Any person who contravenes or fails to comply with a provision of this ordinance or a direction given or condition imposed or a request or a demand made in terms thereof or fails to pay any amount due under this ordinance, or

(b) who fails to comply or who complies in a manner intended to deceive, with an instruction or direction given to him by an inspector of licences, police officer or examiner of vehicles, or obstructs, hinders or interferes with such inspector, officer or examiner in the exercise of any power or the performance of any duty in terms of this Ordinance,

shall be guilty of an offence: Provided that whenever the production of a driver's licence or any other document, article or thing which such person is required to possess in respect of a motor vehicle, is demanded in terms of this Ordinance, the production thereof to a police station within a period of twenty-one days of the

eis. In so 'n geval moet die beampte in beheer van die polisie-stasie onverwyld die beampte wat die eis gestel het dienoreenkomstig verwittig en 'n erkenning van die voorlegging van sodanige bestuurderslisensie, dokument, artikel of ding aan die persoon wat sodanige voorlegging gedoen het, uitreik."

9. Artikel *eenhonderd vier-en-dertig* van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur —

- (a) die skraping in subartikel (1) van die woorde „uitgesonderd die Gebied van Suidwes-Afrika”;
- (b) die vervanging in die laaste reël van subartikel (1) van die Afrikaanse teks van die woord „twaalf” deur die woord „ses”; en
- (c) die vervanging in die laaste reël van subartikel (2) van die Afrikaanse teks van die woord „ses” deur die woord „twaalf”.

10. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer 1962.

demand, shall be deemed to be sufficient compliance with such demand. In such event the officer in charge of the police station shall forthwith notify accordingly the officer, who made the demand and issue an acknowledgement of production of such driver's licence, document, article or thing to the person producing it."

9. Section *one hundred and thirty-four* of the principal ordinance is hereby amended by:—

- (a) the deletion in sub-section (1) of the words “other than the Territory of South West Africa”;
- (b) the substitution in the last line of sub-section (1) in the Afrikaans text of the word “ses” for the word “twaalf”; and
- (c) the substitution in the last line of sub-section (2) in the Afrikaans text of the word “twaalf” for the word “ses”.

10. This Ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1962.